

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: 8689/08

5 DATUM: 29 AUGUSTUS 2008

In die saak tussen:

DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS

KAAP DIE GOEIE HOOP Applikant

10 en

MARIANNE JACOBA RETIEF Respondent

---

U I T S P R A A K

15 (AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER)

LOUW, R:

Hierdie is 'n aansoek deur die Staat ingevolge artikel 310A van die Strafproseswet vir verlof om te appelleer teen die vonnis van nege jaar gevangenisstraf wat vir vyf jaar op sekere voorwaardes opgeskort is, wat die beskuldigde/respondent op 25 Maart 2008 in die streekhof op Stellenbosch opgelê is, nadat sy vroeër dieselfde dag op 'n pleit van skuldig op tien aanklagte van diefstal en 24 aanklagte van bedrog skuldig bevind is.

/im

/ ....

Die beskuldigde staan die aansoek om verlof om te appelleer teen.

5 Die beskuldigde, wat vroeër 'n werknemer van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens was, het die misdade gepleeg terwyl sy as boekhouer vir twee individue en hulle besighede gewerk het.

10 Vyf van die aanklagte van diefstal handel met R22 346.06, wat die beskuldigde oor 'n tydperk van Maart tot November 2003 van een van die werkgewers gesteel het. Die volle bedrag is egter wel later deur die beskuldigde tot die betrokke werkgewer se krediet aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorbetaal. Die ander vyf aanklagte van diefstal handel met 'n totale bedrag van R73 190,96 wat die beskuldigde oor 'n tydperk vanaf Julie 2002 tot Desember 2003 van die ander werkgewer gesteel het. Ook in hierdie geval het die beskuldigde later wel die gemelde bedrag tot krediet van daardie werkgewer aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens oorbetaal.

Agt van die aanklagte van bedrog het behels dat die beskuldigde oor die tydperk 20 September 1999 tot 6 September 2001 valslik teenoor een van haar werkgewers

voorgegee het dat sy geregtig was om BTW in totaal ten bedrae van R354,96 te hef op dienste wat sy vir die betrokke werkgewer gelewer het.

5 Die verdere aanklagte van bedrog handel met 'n bedrag van ongeveer R133 000 in totaal. Dit behels dat die beskuldigde die BTW-rekeninge van haar werkgewers gemanipuleer het en wat tot gevolg gehad het dat hulle met verkeerde bedrae vir BTW aangeslaan is. Wat hierdie aanklagte betref, soos ek  
10 die posisie verstaan, het die beskuldigde geen persoonlike voordeel getrek in die sin dat die geld in haar sak beland het nie en is die Inkomstediens waarskynlik geregtig om die bedrag wat as gevolg van die bedrog kort betaal is, van haar werkgewers te verhaal.

15

'n Belangrike aspek in hierdie aangeleentheid is dat die beskuldigde 'n 39-jarige ongetroude dame is wat 'n eerste oortreder is. Twee verslae is voor die landdros geplaas, een van 'n sielkundige en die ander van 'n korrektiewe beampte,  
20 waaruit dit blyk dat die beskuldigde 'n ontoereikende persoonlikheid het wat, onder andere, waarskynlik verband hou met wat met haar gebeur het toe sy as jong kind deur twee persone verkrag is. Sy het 'n afhanklike persoonlikheid en sy het ook in die tydperk wat van hierdie misdrywe gepleeg is  
25 betrokke geraak met ene Johan wat haar, so sê die verslae,

beïnvloed het en finansiëel op haar geteer het en bygedra het daartoe dat sy die bedrog en diefstal gepleeg het.

Dit is duidelik uit die landdros se uitspraak dat hy die misdrywe wat die beskuldigde gepleeg het, in 'n baie ernstige lig gesien het. Hy het hom besonder sterk uitgedruk oor die aard en die effek en die voorkoms van hierdie tipe witboordjiemisdrywe. Die beskuldigde se persoonlike omstandighede het hom egter uiteindelik daartoe genoop om 'n vonnis op te lê wat nie direkte gevangenisstraf behels nie.

Namens die Staat het me Henry betoog dat hier verskeie mistastings by die landdros was met die oplegging van vonnis; dat hy onder andere die persoonlike omstandighede van die beskuldigde oorbeklemtoon het; dat hy nie behoorlike aandag gegee het aan die vraag of 'n vonnis ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet of 276(1)(h) van die Strafproseswet opgelê moet word nie en dat 'n hof van appél die vonnis as gevolg van hierdie mistastings van nuuts af sal kan oorweeg. Sy het ook betoog dat die vonnis deur 'n hof van appél as skokkend onvanpas bevind kan word.

Die vraag op hierdie stadium, waar daar aansoek gedoen word vir verlof om te appelleer deur die Staat, is of daar 'n redelike vooruitsigte is dat die applikant (die Staat) op appél suksesvol

sal wees met die appèl teen die vonnis en dat 'n ander en swaarder vonnis deur 'n hof van appèl opgelê sal word.

Ons is vanoggend hier volledig toegespreek deur me Henry en  
5 ook deur mnr Louwrens namens die beskuldigde. Ons het die  
argumente wat in die hoofde van argument uiteengesit is en  
wat hier mondelings herhaal en verder toegelig is, oorweeg.  
Na my mening is hierdie 'n geval waar die Staat nie aangetoon  
het dat daar 'n redelike vooruitsig op sukses op appèl sal wees  
10 nie en dat daar 'n redelike vooruitsig is dat die hof van appèl  
eerstens sal inmeng met die vonnis en tweedens 'n swaarder  
vonniss sal oplê nie.

Na my mening moet die aansoek om verlof om te appelleer van  
15 die hand gewys word en moet daar 'n kostebevel gemaak word  
ingevolge die bepalings van artikel 310 A (6) dat die Staat die  
geheel van die beskuldigde se koste betaal wat by die  
bestryding van hierdie aansoek opgeloop is.

20 VAN HEERDEN, WnR: Ek stem saam.

.....  
VAN HEERDEN, WnR

LOUW, R: Dit word so beveel.

*W. L.*

LOUW, R

5

10

15